



## LYDENSTYD

Almal weet dat ons weer volgens die kerklike kalender by lydenstyd is. As jy op ons gemeente se almanak kyk, sal jy sien dat 20 Maart Palmsondag is. Wat is dit?

Dit is 'n tradisionele Christelike fees in lydenstyd op die Sondag voor Paassondag waartydens Jesus se triomfantelike intog in Jerusalem op 'n donkie, wat in al vier Evangelies vermeld word, herdenk word. (Mt. 21:1-11, Mk. 11:1-11, Lk. 19:28-38 en Joh. 12: 12-19). Die intog geskied 'n week voor Jesus se opstanding en word gesien as die vervulling van Sag.9:9.

Volgens die Evangelies ry Jesus met 'n donkie Jerusalem binne terwyl die mense palm- en ander takke voor Hom neersit en sing uit Ps. 118:25,26. Die simboliek van die donkie verwys na die Oosterse tradisie waarvolgens 'n donkie 'n dier van vrede is, teenoor die perd wat beskou is as 'n dier van oorlog. 'n Koning sou op 'n perd 'n dorp inry indien hy van plan is om oorlog te maak, maar op 'n donkie indien hy in vrede kom. Jesus se intrede in Jerusalem (d.i. nog voor sy kruisiging) simboliseer Hom dus as die **Prins van Vrede** en nie as 'n oorlogmakende koning nie.

Mag julle weer tydens lydenstyd die diepe betekenis van Christus se lyding in ons plek opnuut besef, veral die krag van sy opstanding wat vir ons die teken is van Christus se oorwinning en dat die

Vader sy soenoffer volkome aanvaar het.

Ons hoop julle geniet ook hierdie uitgawe van *Die Kandelaar*.

Daan en Jansie Kilian

## OP REIS (6): TURKYE IS MAT-WÊRELD

Ons eerste indrukke van Hassan is goed, hy is joviaal en vriendelik teenoor Suid-Afrikaners. Hy bedryf 'n gastehuis in Pamukkale, maar is deeglik bewus van die wêreldwye ekonomiese resessie en die swak rand, dit knou sy besigheid. Suid-Afrikaners is godsdienstig en eerlik en wil graag plekke met 'n geestelike agtergrond besoek. Dit maak Pamukkale 'n populêre bestemming, dit is immers naby Laodicea waarvan ons in Openbaring lees waar die Here gesê het "Was jy maar koud of warm, maar omdat jy lou is gaan ek jou uit my mond uit spoeg."

Soos enige besigheidsman is Hassan bereid om gaste te neem na plekke waar hulle van hulle dollars kan ontslae raak. Hy het 'n netwerk van besigheidsmense en kan aan enige behoefte voldoen en natuurlik verdien hy kommissie. Vroeër het hy reeds 'n lyn in die water gegooi dat indien ons belangstel, hy ons kan neem na 'n plek wat matte verkoop. Toe hy nou sien dat ons nie noodwendig afwysend is nie, reël hy om ons so 10 nm op te laai. Dit is die tyd van Ramadan. Soos ons later agtergekom het, is dit dié maand van die jaar waar die Moslems hulle dag en nag omruil. Gedurende die dag mag jy nie eet nie, maar as die eerste aangedbede gebid is,

begin die eet en drink en jolige verkeer en natuurlik koop en verkoop hulle als.

Ons ry saam met Hassan die berge uit en hou voor 'n huis stil. Ons word na die stoep genooi waar tee bedien word. Die appelte is besonders en word gereeld as lafenis aangebied. Dit is die huis van sy neef, Hoessein, maar dadelik spot hy as hy hom voorstel en sê dat hy sy neef somer Satan Hoessein noem en dan lê hy soos hy lag.

Sy oom was 'n welgestelde man en het in die dorpie 'n hotel ontwikkel. Die departement van toerisme het later 'n stokkie voor die bedryf van die hotel gestee met die verskoning dat hulle bang is dat toeriste nie die verblyf rondom die antieke stede sal benut nie. Nou is die hotel 'n wit olifant, alhoewel sy neef die plek gebruik om sy matbesigheid vanuit te bedryf. Hulle neem ons na die gebou en begin om vir ons matte te wys. Ons is nogal gewoond aan die Persiese tapyte met hulle diep rooi kleure, maar hier in Turkye moet 'n mens kyk na die Kelims wat nie sulke eksotiese kleure en patrone het nie. Hoekom wil ons nou eintlik 'n mat koop? Ek en Petro voer nog onderlangs 'n gesprek in Afrikaans en spreek ons voor- en afkeure uit.

Teen half-twee die oggend is ons nog nie by iets wat ons beide geval nie. Ten minste het ons uitgemaak dat ons 'n mat soek wat bo-op die tafel moet lê wat nog gemaak moet word. Toe ons nou bykans moedeloos (en moeg is) sê ek vir Hoessein dat hy die mat moet uithaal wat hy gebruik as basis waarop stapels matte gepak

**REDAKTEURS:** Daan en Jansie Kilian

E-pos: [daankilian@gmail.com](mailto:daankilian@gmail.com)/[jansie@cpro.co.za](mailto:jansie@cpro.co.za)

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

word. Dit is die mat van ons keuse, die prys word vasgestel en ons koop die mat.

Na die tyd besef ons dat dit nogal 'n storie gaan wees om die mat oral saam te neem, nog 'n sak wat gedra moet word! Ons het later verneem dat hulle veronderstel is om die mat vir jou te versend na Suid-Afrika en die koste daarvan self moet dek. Ons is egter vort met die mat, wat in Istanbul gestoor word by die hotel waar ons oornag het voordat ons verder gereis het na Egipte en Jordanië. Dit was omtrent 'n storie om daardie mat weer te gaan haal voor ons aansluitingsvlug terug na Suid-Afrika.

Die tafel is voltooi, my droom om tien mense om 'n tafel in te pas, is verwesenlik. Die hout vir die tafel is bykans 20 jaar gestoor voordat oom Joe Voges dit vir my dunner gesaag het en Johan Myburgh die tafel voltooi het. Die mat lê op sy plek!

Ds Gideon

## **DIE VEELBEWOË GESKIEDENIS VAN SALOMO SE TEMPEL**

Vir die Israeliete van antieke tye was die Tempel die simbool van God se teenwoordigheid tussen sy volk (Eseg 43:7). Literêre bronne soos die Bybel, die Makabeërboek, antieke Joodse geskifte soos die Mishna, die Dooie See boekrolle, Josephus se geskifte, verslae van vroeë Christen reisigers en argeologiese oorblyfsels, werp vandag steeds lig op die geskiedenis en voorkoms van die Tempel.

Beskikbare literêre bronne beskryf die Tempel se veelbewoë geskiedenis en lotgevalle oor 'n tydperk van ongeveer negehonderd jaar soos volg:

### **Salomo se Tempel**

Omdat Dawid nie toegelaat was om die Tempel te bou nie (weens die talle oorloë wat hy gevoer het; 1 Kron 28:3), het sy seun Salomo dit op hom geneem om 'n Tempel vir die God van Israel te bou wat

die Verbondsark van die Here sou huisves. In antieke tye was dit die gebruik in al die ou Nabye Oosterse lande om 'n tempel vir hul nasionale god te bou. Vierhonderd-en-tagtig jaar nadat die Israeliete Egipte verlaat het en in Salomo se vierde regeringsjaar, is daar met die bou van die Tempel begin (1Kon 6:1). Die Tempel is op die hoogste piek van Jerusalem, die Tempelberg (berg Sion) gebou, sodat dit van alle rigtings af sigbaar kon wees. Dit was een van talle projekte om Israel in die noorde en Juda in die suide tot 'n dinastiese staat te verenig.

Om die bou van die Tempel te finansier, het Salomo dwangarbeid ingestel en ook die hulp van koning Hiram van Tirus bekom vir die lewering van sederhout. Die Fenisiërs was algemeen bekend as bekwame vakmense – veral met hout-, metaal- en klipwerke. Geen geraas van hamers, beitels of enige ystergereedskap is egter op die Tempelterrein toegelaat nie (1 Kon 6:7). Die boustene is by 'n steengroef voorberei en na die Tempelkompleks vervoer – moontlik met behulp van osse wat sleë getrek het. Die finansiële implikasies van die Tempel was so swaar dat Salomo verplig was om 20 stede in Galilea aan Hiram te skenk as gedeeltelike vergoeding (1 Kon 9:11).

Nadat die Tempel voltooi is, is die Verbondsark en die twee tablette met die Tien geboie in die Allerheiligste geplaas. Salomo het self die inwyding van die Tempel op luisterryke wyse waargeneem (1 Kn 8). Hy het moontlik die Tent van Samekoms tydens die omswerwing in die woestyn as riglyn vir die bou van die Tempel gebruik, hoewel hy die afmetings verdubbel het. Hoewel 1 Konings 5-8 en 2 Kronieke 2-7 'n gedetailleerde beskrywing van die konstruksie, luisterryke versierings en toebehore van die Tempel bied, bly die

pre-siese argitektuur daarvan steeds vaag. Die argitektoniese rekord berus slegs op enkele Bybeltekste en vergelykings met ander driekamer tempels in die ou Nabye Ooste. Volgens 2 Konings 25:9-10 is hierdie Tempel in 586 vC deur die Babiloniërs verwoes en verbrand. Talle Israeliete is hierna na Babel in ballingskap weggevoer.

Die Tempel het 'n belangrike rol in die godsdienstige lewe van ou Israel gespeel. Dit was die setel van hul godsdien, Joodse nasionalisme en politieke lewe – 'n permanente nasionale heiligdom. Dit het ook die Tesourie van die land gehuisves. Hoewel die bring van offers ná die ballingskap in belangrikheid afgeneem het, was die Tempel steeds die enigste plek waar sekere kultiese praktyke en seremonies plaasgevind het. Slegs vir radikale groepe soos die Qumran-gemeenskap het die Tempel sy betekenis verloor.

### **Die Tweede Tempel**

Sewentig jaar nadat die Israeliete in ballingskap weggevoer is, het die teruggekeerde Judese bannelinge onder leiding van Serubbabel en die inspirasie van Esra en Nehemia begin om die Tempel te herbou. Volgens Esra 2:68, is hierdie Tempel op die oorspronklike plek van die eerste Tempel gebou, terwyl Esra 1:1-3 meld dat dit in opdrag van koning Kores van Persië was. Esra 4:3 meld dat Samaritaner nie toegelaat was om met die bou van die Tempel te help nie. In 515 vC is die Tempel heringewy. Weens die heersende armoede onder die terugkerende bannelinge het hierdie Tempel ontbreek aan die weelde en luister van Salomo se Tempel. Pelgrimstogte na Jerusalem tydens Joodse feesdae is aktief aangemoedig en dit het die ideaal van elke Jood geword om die Tempel te besoek – veral tydens Paasfees. In die loop van vyf eeue is hierdie Tempel verskeie

kere beskadig, herstel, geres-toueer en gemeubileer vanweë rooftogte en plundering –deur ver-al die Grieke.

### Die Tweede Tempel van Herodes

Om die guns van die Joodse onderdane te verkry, het Herodes die Grote (37 vC – 4 nC) in die eerste eeu vC begin om die ver-valle Tempel te herbou. Sekere akade-mici beweer dat sy bel-angrikste oorweging was om logistieke pro-bleme ten opsigte van die massabeweging van pelgrims (soms tussen 150,000 en 200,000) veral tydens Paasfees, op die Tempelplein te reguleer. Vir dié doel is 'n dui-send priesters en meesterklipkappers en bouers op-gelei. Voorbereiding van die bou-materiaal het agt jaar geduur en bouwerk aan die Tempel is binne 18 maande voltooi. Slegs klip van die suiwerste wit is gebruik en baie dele van die Tempel was met goud beslaan – vandaar die Tempel se voorkoms van 'n sneeubedekte berg.

Die platvorm waarop die Tempel gebou was, was die grootste in die destydse Grieks-Romeinse wêreld. Hierdie Tempel het nie die gerubs en verbondsark bevat nie, omdat dit toe reeds verdwyn het. Dit is hierdie Tempel wat deur Jesus en sy dissipels besoek is. Hoewel sommige na Herodes se Tempel as die Derde tempel verwys, is dit in Joodse tradisie slegs die Tweede Tempel wat deur Herodes herbou is. Hierdie Tempel is in 70 nC deur die seëvierende Romein-se generaal Titus en sy soldate verwoes en verbrand. Titus was die seun van die Romeinse keiser Vespasianus. Na bewering is die Tempel op 29 Augustus in 70 nC verwoes – presies dag en datum 657 jaar nadat Salomo se Tempel deur die Babiloniërs verwoes is. Die Tempelskatte is deur die seëvierende Romeinse soldate na Rome weggevoer, waarna die

Tempel verbrand is. Dit sou nooit weer herstel of herbou word nie – selfs tot vandag toe.

-----  
Heersers en politieke owerhede het die Tempel op verskillende wyses behandel. Sommige het groot skenkings of finansiële toegewings aan die Tempel gema-ak, terwyl ander soos die Siriese koning Antiochus IV Epi-phanes (bekend as 'die Malle') die Tempel van sy skatte beroof het en die Ro-meinse general, Pompeï, dit on-teer het deur die Allerheiligste binne te gaan. Vroeër kon slegs die hoëpriester een keer per jaar die Allerheiligste binnegaan op die Dag van Versoening (Yom Kippur) om boetedoening vir die volk se sondes te doen. Talle geleerdes betwis vandag die algemene opvatting dat die Tempel so weel-derig en luisterryk was – moontlik was dit net om die Israelitiese kon-inkryk se aansien onder die ander volke te verhoog. Aangesien die Tempelberg vandag onder Moslem -beheer is, word geen argeolo-giese opgrawings daar toe-gelaat nie. Ten spyte van die algemene opvatting onder geleerdes dat niks van die Tempel oorgebly het nie, word hierdie siening weerspreek deur talle oorblyfsels in die vorm van klippe, rotsgedeeltes, waterkelders en literêre verwy-sings.

Die gedeelte van die Tempel wat vandag as die “Klaagmuur” be-kend is, word soms foutiewelik aan besoekers uitgewys as 'n deel van Salomo se Tempel. Dit is slegs 'n gedeelte van die buitenste fasade-muur wat deur Herodes die Grote gebou is. Dit is steeds vir Jode bel-angrik om die muur aan te raak en daar te aanbid. Orals in die gleuwe van die rotsblokke word steeds briefies met gebede of versoeke geplaas. Daar groei ook steeds hisopplantjies (wat so dikwels in die Bybel vermeld word) in die

gleuwe. Ek was so bevoorreg om die Klaagmuur twee keer te be-soek.

Essie Zeelie.

### HERE, HIER IS MY LYSIE.

*“Soggens bring ek my versoeke vol verwagting na U toe”. - Psalm 5:4 (NLV)*

Ewige God

Ek het 'n hele lysie versoeke om voor U te lê:

Ek bid vir vrede in my buurt, in my plek, in my wêreld.

Ek bid dat die owerhede wat vir my dikwels dwaas voorkom hulle hande na U sal ophef en dat U hulle sal lei.

Ek bid dat U my kinders sal be-waar en almal wat ek liefhet, vriende, kennisse, werkers wat my help, mense wat ek teenkom oral waar ek gaan.

Ek bid vir die mate van gesond-heid wat U vir my beskik het en as dit nie altyd so goed gaan soos dit moet nie, dat U my u hande sal oplê soos Jesus so dikwels ge-doen het toe mense met al hul kwale na Hom gekom het.

Ek bid vir geloof: genoeg vir hierdie dag, om my te dra, ook deur bang en donker plekke waar ek kan beland sonder dat ek juis daarna gesoek het.

Ek bid vir vreugde: dat iets my vandag sal plesier gee sodat ek dit kan geniet, ja, veral dat ek lekker kan lag, omdat die heilige lag van die gelowige genesende krag het.

Ek bid vir genoeg: ek bedoel geno-eg om my daaglikse versorging so-ber te hou en ek my nie vergryp aan die luukse nie, maar dat ek my nie oor brood of dak hoef te bekommer nie.

Ek lê ook my verwagtings aan U voor: dat ek meer van U bewus sal word as vertroostende Vader, want my gevoelens stomp af en soms voel ek verlate.

Ek verwag ook u seën op wat ek doen, want sonder U kan ek nie een enkele dagtaak suksesvol afhandel nie.

Ek verwag u seën op veral my kinders en dat hulle op hulle beurt

U in hul lewens sal soek en vind. En omdat U 'n God is wat die onmoontlike moontlik maak, verwag ek van U die ondersteuning wat U vir Abraham gegee het toe hy teen die berg op is gewillig om sy seun op u versoek te offer.

Ek verwag 'n skeppie van u blydskap.

Ek verwag van u troos.

Ek verwag dat U vir my sal wees soos die dou op plante smôrens, soos 'n warm kombes in die winter, soos die son op die wingerde en boorde van my jeugwêreld, soos 'n stil aand wanneer die maan hier agter my huis skyn en alles lyk soos 'n towertoneel – en ek 'n verwonderde kind word.

Dit bid ek in die oggend, middag en aand – en ook in die nag.

Amen

**(’n Besielende Psalmgebed uit “Manna oor die Duine” deur Izak de Villiers)**

Ingestuur deur Betsie de Wet

### **DIE S A WAARVOOR ONS BID**

Suid-Afrika het nou 'n tweede wonderwerk nodig. Die politieke prestasies van die nasie wat behaal is, voor en na 1994, was inderdaad 'n wonderwerk. Nog nooit in die geskiedenis het 'n politieke transformasie van hierdie omvang immers op so 'n vreedsame manier geskied nie.

Maar teen die einde van 2015 was ons seker dat dit nie goed gaan met ons land nie. Daar is 'n verskeidenheid van redes. Die mynbousektor wat vir lank 'n groot dryfkrag in ons ekonomie was, se lig het dermate verflou dat honderdduisende mense se lewensmiddele bedreig word. Werkloosheid in S A is ontstellend hoog. Staatsbesteding het hand uitgeruk. Die massiewe staatsdiens plaas uitermatige druk op die fiskus sodat besteding aan werkskeppende kapitaalprojekte agterweë bly. Die groot droogte het ons landbousektor onder geweldige druk geplaas. Ons land se

voedselsekureit is skielik in gedrang met duisende tonne mielies wat ingevoer sal moet word. Dit is veral die vraag na witmielies wat moeilik bevredig sal word. Weerstand teen die staat se wanbestuur van fondse en nasionale bates word ondersteun deur 'n sterk wêreldwye anti-establishment sentiment. Mense is moeg vir leiers wat hul eie belange bo die van die nasie stel. Die bewussyn van die ekologiese krisis, aangevuur deur versteurde weerpatrone, veroorsaak verdere ongemak. Voeg hierby die verreikende godsdienstige en ideologiese stryde van ons tyd, en die wêreld voel skielik soos 'n baie onveilige plek.

Geen wonder nie dat die frustrasiepot ook in SA aan die oorkook is. Aan die einde van 2015 het die studente-opstande ons iets laat ervaar van 'n Arabiese lente. Die wrewel van die “born frees” omdat hulle voel dat hulle in die steek gelaat word, gaan waarskynlik nie tot rus gebring word deur 'n eenmalige reëling dat studentegelde nie verhoog sal word nie.

Ons het inderdaad nou 'n tweede nasionale wonderwerk nodig. Dié wonderwerk sal onder meer moet beteken dat daar van iewers sterk morele leierskap in ons land kom. SA het mense nodig wat die morele Noord kan aandui en die nasie kan mobiliseer om in daardie rigting te beweeg. Dit is die kerke van ons land wat, soos in die verlede, die ware Noord sal moet aandui en 'n beweging daarheen op dreef sal moet kry.

Op 16 Desember 2015 het die SA Raad van Kerke (SARK) 'n dokument vrygestel: *Die Suid-Afrika waarvoor ons bid*. Hierdie dokument is die resultaat van diepgaande dialoog tussen die lidkerke oor die publieke getuienis van die kerk in 2016 en daarna. Die NG Kerk se afgevaardigdes

het heelhartig hieraan meegewerk. Dit is immers so dat ons daarvan oortuig is dat ons nie naastenby op ons eie so 'n groot impak kan maak as wat ons kan doen saam met ons ekumeniese geloofsvriende nie.

Die goeie nuus is dat die SARK sy rol as ekumeniese liggaam wat God se geregtigheid vir alle mense verkondig, weer baie ernstig opneem. Die omvattende teologiese besinning oor God se wil vir SA en sy mense tydens die jaarvergadering van die SARK, was diepgaande en inspirerend. Vanuit alle oorde was daar eenstemmigheid oor die geweldige nadelige effek van die gebrekkige politieke leierskap in SA. Die sosio-ekonomiese werklikhede wat ons mense in ellende laat, moet aangespreek word. *Die Suid-Afrika waarvoor ons bid* - veldtog is hieruit gebore. In die basisdokument van die veldtog spreek die 36 lidkerke hulle baie sterk uit teen korrupsie, wanbestuur, uitbuiting, onreg, miskenning van mense, onversoendheid, disrespek ens. Die verligting van armoede is ook reeds in die fokus van die SARK. Ná die gebeure met die afdanking van die minister van finansies het die dagbestuur van die SARK binne enkele dae 'n afspraak met die president bekom. Tydens die lang en indringende gesprek is die standpunte van die SARK helder en duidelik gestel.

Die tweede wonderwerk kan gebeur as gelowiges nou hande vat en na mekaar se belange omsien. Dit kan gebeur as die Christene van hierdie land 'n morele bolwerk begin vorm teen magismisbruik. Dit kan gebeur as almal sal verstaan dat dit nie met jou kan goed gaan as dit nie met die res van die bevolking wel is nie. Dit kan gebeur as die totale bevolking van ons land sal begin om sy leiers verantwoordbaar te hou om morele besluite te neem.

Die moderatuur van die Algemene Sinode hoop om eersdaags 'n proses te begin, in samewerking met die SARK, waarin ons al ons lidmate sal nooi om saam te dink oor ons politieke getuigenis en die Suid-Afrika waarvoor ons bid. Ons konstruktiewe insette word nou gevra. Sinisme sal ons nêrens bring nie. Ons ekumeniese vriende is uitgesproke daarvoor dat hulle hoop op 'n kundige en deurdagte bydrae van ons kant af. So kan ons deel word van die tweede wonderwerk wat Suid-Afrika so nodig het.

Ds Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen, in *Kerkbode* van 22 Jan 2016.

#### WAAROM VIER ONS KERSFEES

(Hierdie gediggie is êrens teen die einde van verlede jaar deur iemand ingestuur, maar is om een of ander rede van vergeet. Dis so mooi dat ons dit nou plaas al is Kersfees al verby. Dit pas ook by die lydenstyd. D.K.)

Ons vier nie fees nie, ons vier liefde  
Vier nie ontvang nie, ons vier gee  
Ons vier nie kwaad nie, ons vier vrede  
As 'n familie vier ons fees...

Ons vier nie weemoed, ons vier glimlag  
Ons vier nie haat nie, ons vier hoop  
Ons vier nie dood nie, ons vier lewe  
As 'n gesin vier ons geloof...  
En dit lyk dalk soos 'n verskoning  
Om geskenke uit te deel  
Maar gebroke is ons as mense  
Maar sy geskenk maak ons weer heel!  
So ons vier Kersfees  
Ons Koning het vir ons gekom  
Ons is vrygemaak deur Hom  
Al is daar liggies in ons bome  
Vier ons steeds Sy geboorte  
En droom van Sy herkoms  
'n Vader stuur Sy Seun vir ons  
Om te sterf sodat ons kan leef...  
...Daarom vier ons Kersfees!  
Ons vier nie ingee nie, ons vier oorgee  
Ons vier nie vrees nie, ons vier krag  
Ons vier nie leuens nie, ons vier opreg  
'n Ster se boodskap in die nag  
En dit lyk dalk soos 'n verskoning  
Om geskenke uit te deel

Maar gebroke is ons as mense  
Maar sy geskenk maak ons weer heel!  
So ons vier Kersfees  
Ons Koning het vir ons gekom  
Ons is vrygemaak deur Hom  
Al is daar liggies in ons bome  
Vier ons steeds Sy geboorte  
En droom van Sy herkoms  
'n Vader stuur Sy Seun vir ons  
Om te sterf sodat ons kan leef...  
...Daarom vier ons Kersfees!  
Johan C Venter

#### DIE WAARDE VAN LIEFDE VIR ANDER MENSE

(Hierdie artikel het in Beeld verskyn voor die Algemene Sinodale sitting in Pretoria verlede jaar. Die waarde daarvan is op die oomblik nog meer relevant in die lig van soveel stryd in die kerk.)

Al sou 'n mens in kerkdebatte die beste antwoorde hê en selfs direk uit die monde van engele kon vertel wie reg en verkeerd is, en hy het nie die liefde nie, help alles niks. Al sou jy presies weet hoe om moderne filosofie en evolusie te versoen met die Bybel, en al sou jy alle filosofie verkeerd kon bewys en evolusie ignoreer, sal dit sonder liefde geen verskil maak nie.

Sê nou maar 'n mens kan hoogs geleerd klink of passievol die leerstellings van kerke verdedig, en sê nou maar jy is selfs wêreldbekend om jou geloof, maar jy het nie ander mense lief nie, is jy vir die Here 'n nul op 'n kontrak.

Om 'n ander lief te hê, beteken dat jy nie leuens oor hulle sal vertel nie, maar jou bes doen om die eer van mense wat selfs oor geloof met jou verskil, te verdedig.

Liefde glo altyd die beste van ander mense. Liefdevolle kerkdebatte beteken mense geniet dit om met mekaar te verskil in hul soeke na antwoorde. Hulle kry dit reg om ander nuuskierig te maak oor die manier waarop God se dinge werk, want hulle respekteer mekaar. Mens sien sommer raak

dat hulle nie toelaat dat verskille die verhouding tussen mense verskeur nie.

Liefde help mens om te sien dat goeie verhoudings die belangrikste waarheid van alles is. Om die waarheid te sê waarheid is 'n persoon, nie 'n beginsel nie.

In debatte oor waarheid en twyfel is liefde die helder lig wat mens laat sien daar is in God se skema plek vir twyfelaars én mense wat oorversekerd is dat hulle al die waarheid beet het. God het almal lief.

Met Kersfees voor die deur onthou ek dat die diepste waarde van die Christelike boodskap nie komplekse teologiese denkskemas is nie, maar passievolle liefde vir God en medemense. Volgelingen van Jesus dink daaraan dat dit juis liefde is wat die lewe die moeite werd maak – nie om altyd reg te wees of alles te kan bevraagteken nie. Die kern van Jesus se lewensles is dat 'n lewe voor die Vader oor liefde gaan. Ons dien nie 'n God wat ons straf vir ons verkeerde dade en leerstellings of beloon vir ons goeie dade en leersuiwerheid nie. Ons dien 'n God wat liefde is.

Uiteindelik is liefde so 'n oorweldigende idee dat dit ons die heel naaste aan God bring. Ons kan regtig nie alles van God verstaan nie. Ons verstaan eintlik maar gedeeltelik, maar vertrou dat ons God eendag ten volle sal ken soos God ons heeltemal ken.

In kerkdebatte waar mense mekaar maklik seermaak, selfs lyste byhou van wie hulle dink reg is en dwaal, wie binne en buite is, hou ek vas aan geloof, hoop en liefde. En die grootste hiervan is die liefde.

Nelus Niemandt

#### 1. GEOPENDE DEURE U ONDERSTEUNING HELP OM

## GELOWIGES REGOOR DIE ARABIESE WÊRELD TE BEMAGTIG

Christene in Moslemlande is nog altyd die kwesbaarste vir winde van verandering. En ongelukkig blyk die winde, wat veroorsaak is deur die Arabiese Lente, in sommige plekke 'n orkaan te wees. Hierdie meedoënlose stormwinde het deur die kerk se oudste gemeenskappe – soos Sirië en Irak – gewaai en dit soms totaal gestroop van amper alle Christene. Party noem die Arabiese Lente 'n "Christen-winter", alhoewel meeste Christene in hierdie streek Arabies is. Dit moet egter gesê word: die Arabiese Lente het die kerk baie skade berokken.

Die Arabiese Lente het in Desember 2010 begin met 'n vlag betogings in Tunisië – gevolg deur ander Arabiese lande. Dit was 'n sosiale beweging wat geëis het dat daar 'n einde gebring moet word aan die skending van menseregte, korrupsie deur regerings en armoede. In teenstelling met wat oorspronklike betogers wou bereik, het die uitkoms van hierdie revolusies aanhoudende en grootskaalse konflik in dele van die Midde-Ooste en in Noord-Afrika teweeggebring.

Die impak van die Arabiese Lente het geensins 'n universele, positiewe invloed vir Christene in die

### SENDINGNUUS

Ingestuur deur Betsie de Wet

Midde-Ooste en Noord-Afrika tot gevolg gehad nie, en die impak verskil van land tot land. In Egipte, byvoorbeeld het die kerk twee revolusies en 'n gewelddadige Moslem-teenreaksie verduur. In Irak het die Islamitiese Staat (IS) Christene vermoor en verdryf en vroue ontvoer vir seksuele slawerny. Jemen se Christene, wat eens onder 'n onderdrukkende outokrasie geleef het, leef nou te midde van stamgebonde oorlogvoering onder Islamitiese sektes.

In Sirië leef Christene in die kruisvuur van 'n burgeroorlog.

Maar met u ondersteuning versterk Geopende Deure die oorblywende kerk in Sirië deur middel van vennootskappe met plaaslike kerke vanuit alle denominasies en in amper elke streek. Saam dien ons meer as 9 000 ontwortelde gesinne wat steeds maandelikse ondersteuning ontvang in die vorm van kos, medisyne en higiëniese produkte – te danke aan u barmhartige donasies.

Terwyl die grootste nood in Sirië en Irak is om Christene aan die lewe te hou, het die kerk in Noord-Afrika opleiding nodig om nuwe gelowiges te help om 'n standvastige Bybelse fondasie te lê, hulle voor te berei op vervolging en om 'n nuwe generasie Christene en leiers toe te rus om te volhard in die geloof.

Een manier waarop u ondersteuning dit moontlik gemaak het, is deur die Talmatha-dissipelskapopleiding. In een Noord-Afrika stad het hierdie dissipelskapopleidingsprogram direk aanleiding gegee tot die vestiging van die eerste Christenhuiskerk in dié stad. Party gelowiges reis baie ver om dienste by te woon – maar hulle is die ligte wat vir Jesus skyn in hul stad en in die wêreld.

Alhoewel geweld teen Christene beslis toeneem, is daar onder Moslems ook 'n groter belangstelling in en 'n ontvanklikheid teenoor die evangelie. Dit is hoekom u ondersteuning bydra tot die verspreiding van Bybels en Christelike literatuur in baie Arabiese lande. Baie Moslems kom tans tot bekering!

Een jong ontwortelde Christen het gesê: "Dat mense gesterf het omdat hulle eerder sal sterf as om hul geloof te verloën, gee my hoop: dit wys my dat Christenskap sterk is." Dankie dat u help om die kerk toe te rus, te bemoedig en te versterk waar geloof die meeste kos!

### DIE ARABIESE LENTE EN DIE WÊRELDWYE KERK

Vyf jaar sedert die oproere in Tunisië in Desember 2010 begin het, is die Christenervaring van die Arabiese Lente ongelyk – in

sommige plekke is die gevolge van die Arabiese Lente skaars opmerkbaar, dog dodelik in ander. Ons het die veranderinge wat die revolusies teweeggebring het, in vier kategorieë gegroepeer:

#### Verandering van Regering

Die Arabiese Lente het gelei tot 'n **totale verandering in die regerings** van Tunisië, Egipte en Libië. In elkeen van hierdie lande het Islamitiese partye aan bewind gekom.

#### Beperkte impak

Marokko, Algerië, Jordanië en Bahrein het 'n **bepaalde impak** ervaar. Die impak kan in die toekoms egter meer noemenswaardig word. Hervorming is ingelei om sosiale vrede te herstel, maar die moontlikheid van ernstige oproere in hierdie lande, in die nabye toekoms, kan nie geïgnoreer word nie.

#### Kortstondige impak

Die **impak** van die Arabiese Lente was **kortstondig** in Saoedi-Arabië en Oman. Betogings is gewelddadig onderdruk met dié lande se heersers steeds ten volle in beheer.

#### Geweld

Die Arabiese Lente het geëskaleer tot ongekende geweld in Sirië, Irak, Jemen en, tot 'n mindere mate, Bahrein. Vir meer as vier jaar speel daar 'n toneel van bloedige konflik in Sirië af, waarin Islamitiese rebelle desperaat probeer om die Al-Assad-regering omver te werp. Dit het ontsettende gevolge vir die land se Christenbevolking. Siriese Christene se matige vryheid voor die burgeroorlog het feitlik verdwyn met die verskyning van die gewelddadige Islamitiese djihadistiese groepe, en bereik tans 'n absolute laagtepunt met die Islamitiese Staat-kalifaat. Die geweld deur die Islamitiese Staat in Irak en Sirië domineer die internasionale nuushoof trekke sedert 2014.

#### GEBEDSVERSOEKE:

Bid saam met ons dat die Naam en die mag van die Here van oos tot wes geëer sal word, en dat

wanneer die gevolge van die Arabiese Lente aanstorm soos 'n rivier, die Gees van die Here dit op loop sal jaag en Hy sy kerk sal onderhou en verkwik. (Sien Jes 59:19.)

Bid dat die Here gelowiges in staat sal stel om hul naastes lief te hê soos hulself.

Bid dat die kerk in hierdie streke 'n diensbare hart en 'n vrygewige gesindheid sal hê, sodat hulle in opregte nederigheid en met eerbare begeerte om te help, na ander sal uitreik.

Die een gebedsversoek wat ons al hoe meer ontvang, is om te bid vir die vervolgers van die kerk. Bid dat hulle Jesus sal leer ken en dat Hy hul lewens vir ewig sal verander.

**Bron:** Geopende Deure se nuusbrieff "FRONTlinie Geloof" – Desember 2015; **Adres:** Posbus 1771, Cresta, 2118; **Telefoonnommer:** 011 888 9341; **E-pos:** [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org);

**Web:** [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za), **Bankbesonderhede:** Geopende Deure – Open Doors, ABSA, **Rekeningnommer:** 160 340 568; **Takkode:** 632005.

## 2. SENDING: Asië 2000

### Dierbare Sendingvriende

Deur die wonderbare genade van 'n liefdevolle, ewige Vader kan ons 'n nuwe jaar in vertroue betree wetende dat die onveranderlike goedheid van 'n almagtige God ons hand vashou. Wat 'n troos en bemoediging dat ons altyd kan opkyk en weet ons is Sy eiendom en wat ookal gebeur, sal ten goede wees.

Ons taak om die Here se Naam bekend te maak tot aan die uiterste van die aarde is vir ons die rigtingaanwyser en daarvan mag ons nooit afwyk nie. Hy sal ons help en seën.

### Die nuutste nuus uit die Filippyne

Vir diegene wat nie so bekend is met ons Sendingsake nie, Yvonne en Gretna Conradie het teen die einde van November vertrek na die Filippyne om die span daar te gaan bemoedig en verder op te lei. Die eerste dag (of liever aand) in Baguio het ons ontmoet met 'n gedeelte van die span, dws dié

wat in of naby Baguio gewoon het en hul getrakteer op 'n ete in McDonalds. Hierna het ons saam met sommige van die spanlede na 'n besondere uitreik-aksie gegaan wat genoem was "**Jesus Reigns**", Dit was 'n belewenis. Daar was lofsang en aanbidding uit die hoogste rakke en wonderlike getuienisse en boodskappe. Die rede hiervoor was om die goedheid van die Here te gedenk in die Filippyne en saam te bid vir vele sake en ook om die Here te vra dat daar eenheid onder die Christene in die Filippyne sal wees. Vele het ook in die samekomste tot die Here gekom. Dit was gelyktydig in al 81 van die provinsies gehou, en die verskillende kerke het almal hande gevat en saamgewerk om te sorg vir opvolg van die nuwe bekeerlinge.

Yvonne en Gretna het, met die skrywe van hierdie nuusbrieff, net 'n paar dae gelede teruggekeer uit die Filippyne. Yvonne moes ontmoet met elkeen van die 14 spanlede en gaan kyk hoe vorder hulle met hul Dissipelskap Bybelstudies. Sy het tot die gevolgtrekking gekom, nog voordat sy Suid-Afrika verlaat het, dat daar 'n groter uitvloeï uit die genoemde Bybelstudies moet plaasvind. Met ander woorde, van die mees prominente bywoners van die Bybelstudies, moet daar nou verwag word dat hulle hul eie Bybelstudies sal begin met hul eie groepe. Dit moet geskied onder die begeleiding van 'n spanlid, en die genoemde lid moet seker maak dat die dissipel presies sal weet hoe om voort te gaan, maw die persoon moet weet hoe om iemand na die Here te lei en verstaan hoe om die Bybelstudie aan te bied met die uitleg van die teksverse. So 'n dissipel moet dan sorg vir hule eie groep, hetsy familie, vriende of vreemdelinge met wie hul gaan begin. Op hierdie manier gaan daar werklike groei wees. Die oorspronklike leier moet elke twee of drie weke gaan inloer en gaan kyk hoe dit gaan.

Erlinda Kiwas is een van ons uithaler dissipelskapmakers. Sy het 'n wonderlike sowel as tragiese

geskiedenis. Ons begin by die positiewe. Erlinda het sowat drie jaar gelede 'n oorgawe gemaak aan die Here Jesus, en vandaar het sy Hom voluit gedien. Sy was in 'n Bybelstudie ingedeel, maar nie baie lank daarna nie, het sy in haar eie omgewing reeds met haar eie Bybelstudie begin. Ely en sommige van die ander spanlede het van tyd tot tyd ingespring en ook gehelp, want die groep het groot geword. Maar ongeveer ses maande gelede het die bouse sy bes gedoen om haar stem stil te maak. Dit het naamlik gebeur dat haar broer, wat ook 'n oorgawe aan die Here gemaak het, 'n meisietjie in hul omgewing verkrag het. Verskriklik! Aaklig! Skokkend! Maar nou moet die arme Erlinda dit ontgeld, sy word van alle kante beskuldig en mens sal dink dat sy skuld hieraan het. Dis te verstane dat sy nie meer kans sien om die Bybelstudie verder te gee nie, en sy het selfs 'n ander kerk begin bywoon.

Maar die Here se werk het nie gaan staan nie. Ely het daar oorgeneem, maar omdat sy nie met haar motor in die verskriklike steiltes kon afgaan nie, en sy op haar 50 jaar nie kans gesien het om gedurig daar op en af te loop nie, het sy die Here gesmeek vir 'n gemakliker plek van samekoms. Die Here was so getrou en het haar so 'n plek aangewys wat heelwat hoër is as die plek waar Erlinda woon. Sy het doodgewoon ry-ry na 'n plek gesoek en kom toe op 'n sekere dobbelplek af waar daar haangevegte plaasvind. Sy het uitgevind wie die eienaar is, en vir hom gesê dat sy 'n plek soek vir 'n groep wat Sondae daar wil bymekaarkom om die Here te aanbid en lering te kry uit die Bybel. Sy het letterlik gevra: Wil julle die duiwel dien of die Here? Wonderbaarlik het die man gesê dis reg so, hul sal onmiddellik die haangevegte stopsit, want hulle wil die Here dien. Wat toe gebeur het, is nog 'n wonderwerk, want baie wat in daardie omgewing woon, het nou ook 'n oorgawe gemaak aan die Here, en die outjies wat by Erlinda se groep was, loop nou die steiltes uit na hul nuwe plek van

aanbidding. Dit gebeur so maklik in die Filippyne dat hierdie groepe net bestaan uit vroue, maar op 'n foto van die groepie sien ons ses mans en elf dames. Ons dank die Here dat die manne nie heeltemal uitbly nie. Die persoon wat die musiek lei, is ook 'n pragtige jongman.

### Nuus uit Sjina

Ons geliefde Mercy skryf dat daar allerhande mooi dinge plaasvind in die Bybelskool waar sy betrokke is. Sy laat weet dat die studente wat afgestudeer het nou in vyf spanne verdeel is en dat hulle na verskeie dorpe gestuur gaan word. Sy noem die name van die plekke, maar vir veiligheidsredes noem ons dit nie. Hulle sal die kerke in die verskillende plekke bystaan om te evangeliseer, te bedien en te bemoedig. Na sowat twee weke van die soort werk word hulle weer teruggestuur na die kampus van die Bybelskool. Hulle beplan ook 'n Dissipelskap Opleidingsprogram en dit het plaasgevind tydens die skrywe van hierdie nuusbrieff. Ons laat haar self verder vertel: "This year will be the first time our school is organizing this discipleship training program for the new converts. We are asking that the five teams that are going out to the different places to bring back at least two new believers (if they are willing to come to our place with the students to undergo this discipleship program. We will cover their transportation, food, accommodation and training.) We will select four SCBS students to do this discipleship training with the faculty to oversee this program. This is in a way to give opportunity for practical training for SCBS students." (SCBS is die Bybelskool se voorletters.)

"Please pray for all the former information together with next year's semester program, planning, finance, new students (first and second year levels) intake for next semester, faculty and staff and appointment of a suitable director to temporarily assume the leadership role for the next two to three years till prof Li retires from the university."

Sy skryf ook dat sy weer moes aansoek gedoen het vir 'n visum en vra ook ernstige gebed vir die saak dat dit sal slaag. Haar visum kos ook heelwat geld.

### Nuus uit Kambodja

Raymond Garcia skryf dat die persoon wat hul heel eerste bekeerling was, naamlik SONDY KONG, het nou al 'n ruk gelede begin bid dat hy 'n Bybelskool sal kan bywoon. Ek stel Raymond aan die woord: "God has done great things in the preparation of our Cambodian disciple in going to study in the Bible school. His passport was issued within two and a half days instead of two months. His airfare was provided and our flight to the Philippines was booked a day after his passport was given to him. All his legal documents were processed and were given to him a day before our flight. I accompanied bro SONDY to the Philippines. At the stage of our departure he still had no finances to pay for his tuition and visa fee."

Met die skrywe van die nuusbrieff het ons nog nie uitsluitel gekry of hy sy verdere fooie ontvang het soos benodig nie. Ons hou aan bid vir hom.

Al die ander werkers wat ons nou nie genoem het nie is besig om alles in te sit om die saak van die Here te laat groei en vorder.

En so begin ons weer eens 'n nuwe jaar in die Here se werk en met Sy groot genade en liefde. Wat sou ons ooit kon bereik het as dit nie daarvoor was nie? Weer eens wil ons elke persoon wat ons bystaan in hierdie groot saak, hoe julle dit ookal doen, dit wil sê of deur gebed, finansiële bystand of sommer net meelewing en bemoediging of al hierdie sake; wat ookal, ons waardeer julle grootliks in die Naam van ons wonderlike Jesus Christus. Mag julle geseënd wees in hierdie nuwe jaar wat ons nou betree. Bid asseblief saam met ons vir al die punte wat genoem is. Bid ook ernstig vir oorvloedige fondse.

Met al ons liefde. Yvonne, die twee spanne en Mercy in Sjina

**Bron:** Sending: Asië 2000 Nuusbrieff – Januarie/Februarie 2016; **Adres:** Posbus 31192, Waverley, 0135; **Telefoonnommer:** 012 332 3665; Selfoonnommer: 076 509 9782; **E-pos:** asia2000@global.co.za; **Bankbesonderhede:** Sending: Asië 2000, Standard Bank; **Rekeningnommer:** 020175876; **Takkode:** 015945.

### 3. VGK IN SUIDER-AFRIKA – EVANGELISASIE

#### 2016 – HIER KOM ONS!

Ons het gedink ons eindig 2015 op 'n rustige noot, maar dit was ons nie beskore nie. Kort-kort het die telefoon gelui: "Kom haal, ons maak leeg!" Die bakkie het omtrent nooit stil gestaan nie. Ons het oraloor goed gaan haal, gelap, gewas, gestryk en uitgedeel. 'n Vrag hout is ook by oom Bossie se nedersetting afgelaai om die donkie te stook vir warm water. Twee instansies vir gestremdes, die kleuterskool in Ga-Rankuwa en 'n hele paar enkel gesinne was aan die ontvangkant van u goedhartigheid. Ons het 'n aantal weeskinders ondersteun om ook 'n feestelike dag te hê. Daar is vrolik feesgevier maar tussen alles deur is die Woord ernstig uitgedra.

Elke einde van die jaar probeer ons om êrens iemand se hart bly te maak. Dit is gewoonlik die kleuterskool te Ga-Rankuwa of Lilydale maar hierdie jaar het ons besluit om die 14 dames van oom Bossie se nedersetting te bederf. Dit was nou iets om te beleef! Hulle het nie geweet wat hulle tref voordat ek hulle by die haarsalon afgelaai het nie. Dit het ons twee dae geneem om hulle hare volgens elkeen se smaak te sny en te blaas. Daar was trane van dankbaarheid en selfs ek het 'n traan weggepik toe die een ou seuntjie vir sy ouma sê: "Oe ouma, jou hare ruik so lekker!" Toe het ek net weer eens besef dat wat vir my en vir ander dames iets alledaags is, is vir hulle net 'n droom, want hulle geldjies word net gebruik om te kan oorleef.

#### OM VIR DIE HERE TE WERK:

Dikwels dink ek dat ek niks vir die koninkryk van God beteken nie. Dalk voel ander gelowiges ook soms so – en dit terwyl God in sy oneindige liefde en sorg so baie vir ons doen.

Tog is daar juis iets in die Bybel



wat veelseggend is. Die Here het per geleentheid gesê: “Met die koninkryk van God gaan dit só: *Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei—hóé weet hy self nie*” (Mark 4:26-27). Iets hoef nie belangrik te wees om werklik betekenis te hê nie. Wat is een ou saadjie nou? Tog moet dit maar net geplant word om te groei om op ‘n indrukwekkende wyse vrugte te dra.

Die Here het vir elkeen van ons wat aan Hom behoort, ‘n taak in sy koninkryk. Hy gee ook aan ons iets in die hand, en sê dan: “Gaan doen nou iets daarmee!” Maw: ons moet saai! Ons moet die Woord saai, want dit is die Woord van God. As ons dus iets vir Hom wil doen, moet ons dit met sy Woord doen, want ons het dit reeds ontvang. As ons egter die saad vashou, kan dit nie tot iets kom nie. Dit moet uit! Dit moet grond toe. Dit is vir die grond bedoel soos wat die Woord van God vir ons lewe bedoel is.

Maar: die resultate sal nie altyd dadelik sigbaar en duidelik wees nie. Selfs die beste saad en die beste boer kan nie ‘n goeie opbrengs waarborg nie. Ons is net tot ons eie mag beperk en die Here moet ingryp om iets te laat gebeur. Hy gee kiemkrag – Hy gee die nuwe lewe. Ons hoef nie altyd ander met Bybelversies dood te slaan nie. So ‘n optrede kan juis beteken dat jy nie die saad gesaai het nie. Ons kan dit net so doeltreffend doen deur so te lewe dat almal die Vader se hand in ons lewens kan sien. Dan gebeur daar ‘n wonderlike ding waarvan in vers 28 gepraat word: “*Vanself bring die aarde die graan voort, eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die volkoringaar*”. En dan hét ons mos iets vir die koninkryk van God beteken!

**EVANGELISASIE:** In 1958 is daar begin om hulp aan gemeentes te verleen deur middel van tent-dienste of evangelisasieveldtogte. Wyle ds Bokkie Jacobsohn en sy vrou Anna, was die sendelingspaar op ‘n sendingstasie, Philadelphia, naby Groblersdal. Hy word opgevolg

deur ds Willie du Plessis wat die pos beklee het tot en met 1972. Ons hier by Evangelisasie het nog kontak met ds du Plessis en wil hiermee ons meegevoel aan hom oordra met die afsterwe van sy gade in Oktober 2015.

**BYBELS:** Baie dankie aan almal wat dit moontlik maak dat ons Bybels kan aankoop en versprei. Ons eerste groot bestelling is geplaas en sal binnekort aan die nuwe eienaars oorhandig word.

Somersgroete! Marinda Cox en Personeel

Bron: Evangelisasienuus – Januarie 2016; Adres: Marinda Cox, Evangelisasie, Posbus 531, Ifafi, 0260; Tel/Sel: 012 259 0152/082 574 1340; E-pos: [marindacox@mweb.co.za](mailto:marindacox@mweb.co.za); Bankbesonderhede: ABSA, Rekeningnr: 0690 750 252, Takkode: 632005.

### SO MAAK ONS GOD AL KLEINER EN KLEINER

Met sy stelling dat “Jesus hom geseën het” in ‘n eien-doms-transaksie waarin hy ‘n blitswinst van sowat R5 miljoen gemaak het, het past. Andries Enslin, TV-prediker en pastoor van die Alberton Lewensentrum, die enorme kloof tussen gelowiges se “teologieë” bevestig.

Enslin kry tegelyk kritiek en lof wat in wese gemoeid is met dié vraag: Hoe betoon jy jou dankbaarheid teenoor wat jy beleef as Godsbestiering of die Voorzienigheid? As jy kry waarvoor jy gebid of gewens het: Voorspoed, genesing, gesondheid, geluk?

Dankbaarheid vir God se seën is ‘n geval van soveel hoofde soveel sinne. Sommige doen dit met ootmoed in openbare ruimtes – deur slagspreuke en getuïenisse, ander doen dit, eweneens met ootmoed, in hulle binnekamers, of deur be-peinsing in die stilte van ‘n tuin.

‘n Mens wil nie die vorm van iemand se dankbaarheid bevestig nie. Tog behoort ‘n mens daarvoor na te dink omdat uitstortings van dankbaarheid, naas regverdigende Bybeltekste, lastige subtekste bevat wat geloof verdag kan maak.

Weer dan die voorbeeld van wat ek gedink het toe ‘n man in sy nuwe blink vuurwa waaghalsig by my verbyjaag. Op die agterbuffer die woorde: “Look what Jesus has done!”

Wat sekerlik beteken: “As gelowige mens wil ek my dankbaarheid teenoor Jesus betoon; dat ek in so ‘n luukse motor mag ry”. Soos wat past. Enslin dankbaar is vir sy wins.

Maar sê nou dié haastige motoris begaan ‘n oordeelsfout en veroorsaak ‘n ongeluk waarin mense sterf? ‘n Koerant plaas ‘n foto van die wrak en al wat duidelik sigbaar is, is die woorde: “Look what Jesus has done”. Wrang, né?

Só is daar baie ander subtekste wat geloof vreemd laat voorkom – juis in ons samelewing waar die verskil tussen rykes en armes skreiend opvallend is: Terwyl jy werklik dankbaar is dat jou welvarendheid van God kom, kan dit te kenne gee dat God jou spesiaal vir jou toegewyde lewe beloon.

Hoe moet gelowige armes hulle situasie beleef? Dat God sy goeie guns van hulle weerhou as ‘n soort straf vir gebrekkige toewyding? Of as aansporing dat nog ‘n bietjie meer toewyding die begeerde voorspoed sal bring?

Daaruit kom die byna weersinwekkende afleiding dat God en Jesus se naam op jou lippe ‘n nuttige ta-lisman is. Of dat God ‘n versteekte poppemeester is wat die toutjies van voorspoed en ellende behendig trek na gelang van mense hom behaag.

Só maak ons God ál kleiner en kleiner in ons klein skematjies oor hoe Hy is en hoe Hy ons en die wêreld “beheer”. Eerder as om God te dank vir die kleinste detail van voorspoed in jou lewe, kan jou dankbaarheid gevul wees met die stil wete dat God in jou lewe teenwoordig is op maniere wat jy nie

begryp nie, maar wat jou verwonderd laat. En dat Hy jou omarm wat jou ook al te beurt val.

Wilhelm Jordaan

Beeld 10/2/2016

### OMGEE- VROUE

Die eerste byeenkoms van die Omgee-Vroue is op 6 Februarie in die kerk gehou. By dié geleentheid het ons die voorreg gehad om na 'n reeks skyfies te kyk wat Dr Koos le Roux oor baie jare saamgestel het. Die temas het gewissel van Kaapse blommeprag tot herfs- en ander besondere natuurtonele. Hy het die vertoning geëindig met 'n kort reeks oor sy pa. Hy het die vermoë om wonderlike emosie in elke skyfie in te weef en het vir ons vertel dat hy hom veral toespits op kleur en kontras. Dr Koos is reeds 88 jaar oud en ons was werklik bevoorreg om nog te kon kyk na sy pragtige kuns.

Die dankseggingsete is ook op 21 Februarie aangebied. Die spyskaart het bestaan uit koue kos wat bedien is op 'n besonder warm dag en is goed bygewoon. Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het om die kos gereed te kry en die tafels so pragtig te versier met 'n see-tema.

tog asb om die vormpies wat ons by die kerkdeur versprei het, te voltooi. U sal sien dat ons daar 'n hele lys aktiwiteite genoem het waarby u betrokke kan raak – en dit is nie net vir die vroue nie. Ons is seker dat elkeen een of ander verborge talent het wat in diens van die Here aangewend kan word.

### WOEKERAKSIE

Die woekeraksie van die Omgee-Vroue neem hierdie jaar 'n ander gedaante aan. U gaan nie in hierdie geval 'n bedrag kry om mee te woeker nie, maar u is welkom om die ruimte by die kombuis te gebruik om enige produk wat u wil verkoop daar te kom uitstal. Al wat ons vra, is dat u dan 10% van u wins aan die kerk sal gee. Ons is al telkemal genader met die versoek om ruimte te bied aan mense wat hulle produkte wil ten toon stel en verkoop. Nou is julle kans. 'n Goeie voorbeeld van hierdie inisiatief is Suzette van der Berg wat haar koekies, beskuit en ander tuisgebak Sondagoggende by die tee verkoop. Sy skenk dan vir die kerk 10% van haar wins. Dankie Suzette vir jou inisiatief.

### DANKIE

Sondagoggend in die konsistorie het Adriaan Nel, voorsitter van die Kerkraad, die dames bedank wat verantwoordelik is vir die pragtige rangskikkings wat elke week in die kerk pronk. Omdat die verantwoordelike persone nie teenwoordig was nie, het ek dit goed gedink om in *Die Kandelaar* sy

dank oor te dra. Adriaan het gesê dit gaan beslis nie ongemerk verby nie. Baie dankie dus aan al die knap en kreatiewe vrouens wat hulle gawes gebruik om ons soveel plesier te verskaf en op die manier ons ook nader aan die Here bring.



Dankie ook aan Morgan, ons orrelis, wat ons weer bekend gestel het aan 'n pragtige sangstem, dié van Petronel Baard, wat in ons kerk opgetree het op 7 Febr. met begeleiding van die klavier en Adri de Vos se viool.



Terwyl ons oor die aktiwiteite van die Omgee-Vroue praat, onthou

**ONDERSTEUNINGSDIENSTE**

U sou seker teen die tyd ook al gehoor (en dalk self gesien het!) dat ons kerkgebou dringend aandag nodig het. Ons doen 'n ernstige beroep op u om u naam aan Diem (072-926-1905) te gee indien u op enige manier vir ons daarmee prakties kan help.

By die pas afgelope Kerkraadsvergadering is daar besluit dat die probleme ten opsigte van die kerkgebou nie net geïdentifiseer moet word nie, maar dat daar 'n prioriteitslys saamgestel moet word sodat die hele gemeente saam kan werk om die projekte een vir een af te handel.

Ons het die prioriteitslys van Hennie Bester (Voorsitter Ondersteuningsdienste) ontvang en deel graag hierdie inligting met u:

- i. Dak skuur en verf.
- ii Waterdigting van die dak.
- iii Plafon herstel.
- iv. Bome wat fondasies lig en geute verstop.
- v. Plaveisel lê en ander aankoop.
- vi Orrel moet herstel word.

Ons versoek dat u geduldig sal

aandag geniet en ook sal bid dat daar voldoende fondse en mannekrag sal wees om die taak te kan voltooi.

Jansie Kilian.



wees terwyl hierdie reuse taak



**TEKEN AAN! TEKEN AAN!**

**WYNVEILING**

**11 MAART 18:30**

**KERKSAAL**

**KAARTJIES R100 P.P.**

**SLUIT BOERE-TAPAS-ETE IN  
KINDERS ONDER 13 R60 ELK**

**BENODIG:**

- Manne om te help met kos en voorbereiding
- Manne om aand te help vanaf 18h00.
- Nog baie wyn vir veiling
- Baie mense om die aand gesellig te verkeer.

**Hennie Bester kan gekontak word by**

**082-720-7224**

**Of per e-pos:**

**[hennie@wepex.co.za](mailto:hennie@wepex.co.za)**



**LIEF EN LEED**

Ons is nie seker of ons bewus is van almal wat siek is nie. Indien u dalk weet van iemand wie se naam nie hier genoem word nie, laat asb vir Sue in die Kerkkantoor weet. Hier volg die name van 'n aantal mense vir wie u asb moet bid:-

Martin Odendaal wat nog steeds wag op 'n hartoorplanting.

Sus Quadling wat weer tuis is ndat sy 'n ruk in die sorgsentrum was.

Marna Steyn wat in en uit die hospitaal was met 'n operasie. Sy is tuis en dit gaan baie beter.

Oom Fanie Nel wat weer 'n stent ontvang het.

Dolf Ellis wat tans tuis aansterk na 'n beroerte. Ons is bly dat die skade van die beroerte beperk kon word.

Jaques, seun van Issie de Kock, het steeds u gebede nodig na sy operasie.

Frans Booyse wat 'n stent ontvang het.

Elsje Bezuidenhout wie se nek beter word as gevolg van die oefeninge wat sy moet doen.

Antjie Sheepers se man, Jack, wat tuis aansterk.

Sarie Nel wat baie verswak is.

Ernie Blignaut se skoonseun, Quinton, wat na 'n beroerte bevredigend aansterk.

Dawina Zaayman vir wie ons steeds moet bid.

Lina Venter van La Vie wie se galblaas verwyder is. Sy sterk goed aan.

Jaco en Cindy Conradie se seun, Estian, het steeds u voorbidding nodig. Jaco kry ook behandeling vir slaapapnee.

Una van Schalkwyk wat na haar operasie by haar dogter aansterk.

Engela Nieuwoudt wat nog herstel na haar breukoperasies.

Connie Schaefer wat behandeling kry vir haar swak hart.

Isa Theron wie se kleinkind ernstig beseer is in 'n motorongeluk (waarin 3 studente dood is).

Jo Swart wat goed aansterk na haar operasie.

Lai Klopper wat geval en van haar ribbes gebreek het.

Louise van Eck wat 'n knieervanging gehad het.

Riekie Cilliers wat baie siek was maar nou darem

weer beterskap toon.

Kobie Smal van Protea wat baie verswak is en wie se versorgingsposisie onseker is.

Anneke Maree wie se dogter behandeling ontvang.

Chris Schwartz wat by die werk geval en twee ribbes gebreek het.

Piet Heymans is oorlede op 21 Febr. Mag die Here die gesinslede vertroos in hul leed.

Daar was darem ook lief: Geluk aan Cindie Kruger, dogter van Fransina, wat onlangs verloof geraak het. Mag mooi dinge vir jul voorlê.

Chris en Susann Schwartz het ook lief ervaar met die doop van hul kleinseun, Wian Nicholai, seun van Willie en Leanne. Baie geluk aan die oumagrootjie, grootouers en ouers.

**ZERO BOOMSLOPINGS**

BOOMSLOPINGS EN SNOEI

VAN BOME EN STRUIKE.

ONS VERSKAF OOK

KAGGELHOUT



**KONTAK ERNST**

**083 656 4992**

[www.treecarepta.co.za](http://www.treecarepta.co.za)

[www.boomslopings.co.za](http://www.boomslopings.co.za)